43 Woodleyweg
Cresta
2194

Posbus 91050
Aucklandpark
2006
Tel (011) 782 9160
Web:

(Ingelyf NOORDELIKE HELPMEKAAR- k – Reg
STUDIEFONDS

==========================================================================

Beste Aansoeker

Baie dankie vir u navraag i.v.m. ons studielenings.

Ons aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.nhsf.org.za. Kliek op die skakel **"Hoe om aansoek te doen".** Daar is 4 vorms wat voltooi moet word nl:

**Aansoek om studielening**

**Leningsooreenkoms**

**Persoonlike besonderhede en verklaring deur elke borg**

**Akte van Borgstelling**

By die **Aansoek om studielening** (student se besonderhede) moet die rekordeksamenuitslae (wanneer beskikbaar kan die uitslae per e-pos gestuur word), **gesertifiseerde ID**, getuigskrifte deur skoolhoof en predikant en alle moontlike prestasiesertifikate aangeheg word. Indien u reeds studeer moet u jongste uitslae van die instelling waar u studeer aangeheg word asseblief.

**Leningsooreenkoms** moet deur die student en ouers geteken word. Die bedrag vir die volle studietydperk moet ingevul word (tans R 70 000 per jaar) m.a.w. die aantal jare X R 70 000.

By die **Persoonlike besonderhede van borg** het ons 'n **gesertifiseerde ID**, salarisstrokie, IRP5 en bankstaat nodig. Die vorm het 'n Inkomste en Uitgawestaat op wat deur u voltooi moet word.

**Akte van Borgstelling moet gesertifiseer** word. Die borg en die lener (student) se name moet ingevul word. Die bedrag vir die volle studietydperk moet ook ingevul word asseblief.

Die vorm moet per hand of per koerierdienste by ons besorg word, moet dit asseblief nie pos of e-pos nie. Die posadres is: Woodleyweg 43, Cresta, 2194. Kantoorure is van Maandae tot Donderdae van 8h00 tot 13h00 en op Vrydae van 8:00 tot 12:00.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2023 en sal in November aan die direksie voorgelê word vir oorweging.

Vriendelike groete

Joan van der Westhuizen

Administratiewe Beampte